DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**31 Mei 2020**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

## Lees: Hebreërs 11: 1, 12: 1 – 3; Fil 3: 12 – 21.
## Teks: Heb 12: 1 – 2
## Tema: Om klaar te maak waarmee ons begin …..

Geliefdes, om ‘n saak te begin is maklik, maar om dit klaar te maak is baie keer baie moeilik. Om klaar te maak beteken dat jou fokus reg moet wees. Ons fokus in die lewe is Jesus Christus die Leidsman en Voleinder van die geloof. Die hoorders van hierdie preek kan Jesus nie met die fisiese oog sien nie, alleen deur die geloofsoog. Hulle kyk met geloof na die toekoms, gebou op vertroue in die ewige God.

In hoofstuk 11 het die prediker ons terug geneem na die geloof se werking deur die eeue. Hy het begin by Abel, die eerste martelaar vir sy geloof. En elke keer het hy ons fokus geplaas op mense wie se geloof verder as die hier en nou gesien het. Noag, Abraham, Moses en so loop die heldegallery. Hulle het almal die einde van die aardse werklikheid gesien, waar die nuwe Jerusalem in al sy glorie sal skitter. Hy rig ons fokus kort kort op die grootsheid van God se werk deur mense. Ons is as gelowiges baie belangrike skakels op die pad na die nuwe Jerusalem.

Die preek is gerig aan lidmate wat verskriklik vervolg is. Mense wat vervolg is omdat hulle in Jesus Christus as die enigste ware verlosser glo. In Rome is die keiser aanbid as die seun van die hoofgod. Binne die veelgodedom was daar die gedagte dat die keiser direk namens die hoofgod praat. Op verskillende plekke in die Romeinse Ryk was daar tempels waar die keiser as god aanbid is. En die gelowiges hoor te midde van al die stemme oor aardse verlossers dat hulle nie moet verslap in hulle geloof nie. Dit is juis nou die tyd om weer die slap hande en lam knieë sterk en reguit te maak Heb 12: 12.

Ons moet dit ook weer hoor, te midde van die huidige pandemie. Dit is nie ons finansië- of emosionele- of maatskaplike nood waarop ons gedagtes gerig moet wees nie. Dit is belangrik sake wat ons nie onaangeraak laat nie. Meer belangrik is ons fokus op Jesus Christus wat vir ons alles voorsien. As God praat moet ons luister, anders gaan ons die openbaring soos dit gebeur, totaal misloop. God gee vir ons die insig om te verstaan wat nou aan die gang is deur die Woord en deur die Heilige Gees se verligting. Heb 1: 1 begin daarom met die woorde: In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.

As jy nie die Seun se stem hoor en daarna luister nie, sal jy die nuwe stad nie binnegaan nie. Die belangrikste op aarde is nie wat ek wil nie, maar wat God wil. So bid die Seun ook. Daarom is Hy ons Hoëpriester wat eenmalig die volmaakte offer in gehoorsaamheid aan die Vader bring. Hy is die finale offer van die ou bedeling. En nou is Hy die Middelaar van die nuwe verbond.

Die voorhangsel het geskeur en Hy is ons anker in die hemel. Daarom moet ons oë net op Hom gerig wees. Ons moet alles en almal wat ons aandag wil aftrek uit ons lewe wegsny.

Daarom gee die Here vir ons al die voorbeelde van die Ou Testament. Mense wat oor duisende jare uit en deur die geloof gelewe het. Die OT gelowiges het getrou en gehoorsaam aan God gebly, omdat hulle GEGLO het.

Hulle het God in tye van vervolging geken, Hom in tyd van teëspoed vertrou en uiteindelik gedank vir die genadige verlossing wat Hy telkemale gegee het. Die wedloop van die lewe het hulle nie ondergekry nie. Hulle het geweet: wanneer alles en almal op aarde my verlaat en ek op my sterfbed lê, sal ek steeds vorentoe kyk en weet dat geloof alleen sal bly staan. Daarom moet ons in verootmoediging erken dat ons te veel aardse handvatsels het waaraan ons vasgryp vir sekuriteit.

Jesus het die vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra. Hy is versoek – vir 40 dae. Voortdurend moes Hy kritiek verdra dat hy nie werklik die seun van God is nie. Sy eie broers spot Hom en verwerp Hom. Maar hy hou Sy oog op die Vader. Nie eers die skandelike dood aan die kruis kon Hom keer nie, want Sy liefde vir ons was groter as enige anders op die aarde. Hy verduur die straf vir elke sonde wat ek gedoen het, aan die kruis. Hy vervul elke gebod in my plek. Sy fokus was die Vader se vreugde dat versoening plaasgevind het. Ons het ‘n oop baan tot die troon. Jesus se oë was op die beloning aan die regterhand van die troon in die hemel. En Hy regeer vandag nog van daar af. Daarom moet ons herfokus. Is dit nie juis die rede waarom ons moedeloos word en uitsak nie? Ons kyk vas in wat sigbaar is, dit wat ons sakke raak en ons vergeet die visie van die ewige stad met vaste fondamente. Daarom moet ons aanmekaar die Gees se verligting en krag afbid om die wedloop te bly hardloop. Die gelowiges wat kort na die kruisiging gelewe het, het geswerf soos vreemdelinge op aarde. “Die wêreld was hulle nie werd nie”.

In Fil 3 word die Griekse woord: ”agon” gebruik om die wedloop te beskryf. Via Latyn is die Engelse woord “agony” hiervan afgelei. Die wedloop van die lewe is nie ‘n ligte opwarmingsessie om in die hemel te kom nie. Dit is ‘n wedloop waar die satan ons van koers wil afgooi met sy propoganda dat God nie bestaan nie, dat die kruis en opstanding en die hemelvaart onwaar stories is. Daarom moet ons aanmekaar die stem van die Here hoor tussen al die stemme van negatiwiteit deur. Ons word gebombardeer met nuus oor die swak ekonomie en alles wat daarmee gepaard gaan. Dit maak ons moedeloos.

In hierdie veeleisende en folterende wedloop gee die Here vir ons krag, wanneer ons klein voor Hom word. Wanneer ons eie belang wyk en ons ons afhanklikheid opnuut weer bely en stil word om weer nuwe krag te ontvang om nie geestelik moeg te word en uit te sak nie. Hou jou oë vasgenael op Jesus die wenpaal van die aardse lewe.

Amen.

Ons is dankbaar vir die genade dat ons weer saam in erediens mag wees. Die kerkraad sal in die komende week na alles kyk en met die beskikbare inligting ‘n plan uitwerk en die inligting aan u deurgee. Daar is baie dinge wat ons steeds in die grendeltyd nie mag doen nie. Wees asb steeds geduldig en bly die Here bid vir insig en wysheid vir die regering om ons reg te lei.

Bly asb veilig en hou asb by die reëls.
Ons bid dat ons getroue en Almagtige hemelse Vader ons sal bewaar en deur die pandemie verder sal lei.

## OOG VIR MEKAAR




- * Ons dank die Here dat Kudu Pretorius beter is na sy nekoperasie. Dit is nog 'n lang pad na herstel en ons bid vir geestelike krag om ook die wedloop te bly hardloop.
- * Ons is dankbaar dat Heleen du Plessis se herstel na haar rugoperasie na wense verloop.
  Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse vir geloofskrag om te volhard op die pad waarop die Here hulle geplaas het.
- * Ons dank ons Vader vir al die middele wat Hy in die tyd voorsien deur mense wat oop harte en hande het. Dank aan Brenda Koekemoer en almal wat haar bystaan om die middele te verpak en vir Nantes wat die aflewering help doen in ons gemeente. Dankie vir die ouderlinge en diakens wat deur die wyke bel om hulp te gee.
- * Ons bid die Here se seën vir die Matrieks en graad 7's wat DV Maandag met hulle kwartaal mag begin. Sterkte aan die ouers wat al baie trane help opdroog het.
- * Dankie aan al die onderwysers wat ure se voorbereiding insit en ons kinders bystaan in 'n baie uitdagende tyd.
- * Ons bid vir al ons ander skoolkinders en elke ouer wat steeds die uitdaging het om die nodige kennis op te doen om die jaar suksesvol af te sluit.
- * Ons bid vir mekaar sodat elkeen wat swaar kry die troos van die Here in die moeilike tyd sal ken en ook ons liefde vir mekaar sal ervaar. Baie sterkte vir almal.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees tot verdere kennisgewing.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

# BYBELSTUDIE

**Bybelstudiegroepe is afgestel tot na die inperking**

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| So 31 Mei | Miems Herbst<br>Domenique Saunders<br>Marthinus van der Walt | B<br>D<br>B | 082 967 9681<br>072 485 9423<br>082 822 6328 |
| Ma 1 Jun | ***Joey Smit **** | B | 072 124 4843 |
| Di 2 Jun | Elzánne Botha<br>Chris Botha | B<br>B | 076 572 0991<br>083 608 4684 |
| Vr 5 Jun | ***Elsie Korff *****<br>Elmari van der Merwe | B<br>B | 074 522 9390<br>082 450 8045 |
| Sa 6 Jun | Francois Hoogendyk | D | 084 802 3323 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 31 Mei 2014 | Hennie en Lynn-Marie Combrink | 6 | 065 944 8581<br>073 318 8142 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke en Die Basuin :**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.

Hebreërs 12 : 1—2

